

**Skriflesing:** Eksodus 28:1-6; 36-43

Teks: **Eksodus 28:36-38**

Sing- **Ps. 92:2; Ps. 128:4; Ps. 89:2; Ps. 65:3**

### **Eksodus 28**

**Exo 28:1** Dan moet jy jou broer Aäron, en sy seuns saam met hom, uit die kinders van Israel, laat nader kom na jou toe, dat hy vir My die priesteramp kan bedien: Aäron, Nadab en Abihu, Eleásar en Itamar, die seuns van Aäron.

**Exo 28:2** En jy moet vir jou broer Aäron heilige klere maak, tot eer en tot sieraad.

**Exo 28:3** Jy moet ook spreek met almal wat kunsvaardig is, wat Ek met die gees van wysheid vervul het, dat hulle vir Aäron klere maak, om hom te heilig, dat hy vir My die priesteramp kan bedien.

**Exo 28:4** En dit is die klere wat hulle moet maak: 'n borstas en 'n skouerkleed en 'n mantel en 'n kunstig bewerkte rok, 'n tulband en 'n gordel; so moet hulle dan vir Aäron, jou broer, heilige klere maak, en vir sy seuns, dat hy vir My die priesteramp kan bedien.

**Exo 28:5** En hulle moet die goud en die pers en purperrooi en bloedrooi stowwe en die fyn linne neem.

**Exo 28:6** En hulle moet die skouerkleed maak van goud, pers en purperrooi en bloedrooi stowwe en fyn dubbeldraad-linne, as kunstige werk.

**Exo 28:36** Verder moet jy 'n plaat van suiwer goud maak en daarop graveer, soos op 'n seëlsteen uitgesny word: **HEILIG AAN DIE HERE**.

**Exo 28:37** En maak dit vas aan 'n pers toutjie, sodat dit aan die tulband kan wees; aan die voorkant van die tulband moet dit wees.

**Exo 28:38** So moet dit dan op die voorhoof van Aäron wees, sodat Aäron die skuld kan dra met betrekking tot die heilige dinge wat die kinders van Israel sal heilig—al hulle heilige gawes. En dit moet gedurigdeur op sy voorhoof wees, dat hulle voor die aangesig van die **HERE** welgevalle mag vind.

**Exo 28:39** Jy moet ook die rok van fyn linne kunstig bewerk. Jy moet ook 'n tulband van fyn linne maak, en 'n gordel moet jy van veelkleurige werk maak.

**Exo 28:40** En maak rokke vir die seuns van Aäron, en maak vir hulle gordels. Ook moet jy vir hulle musse maak, tot eer en tot sieraad.

**Exo 28:41** En trek dit jou broer Aäron en sy seuns saam met hom aan. En salf hulle en stel hulle aan en heilig hulle, sodat hulle vir My die priesteramp kan bedien.

**Exo 28:42** Maak ook vir hulle linnebroeke om die vlees van die skaamte te bedek. Dit moet van die heupe tot by die dye wees.

**Exo 28:43** En Aäron en sy seuns moet dit aanhê as hulle in die tent van samekoms gaan, of as hulle nader kom na die altaar om in die heiligdom te dien, sodat hulle geen skuld op hulle laai en sterwe nie. Dit is 'n ewige insetting vir hom en vir sy nageslag ná hom.

**Skriflesing:** Eksodus 28:1-6; 36-43

Teks: **Eksodus 28:36-38**

Sing- **Ps. 92:2; Ps. 128:4; Ps. 89:2; Ps. 65:3**

Om 'n kind van die Here te ontvang, broeder en suster, is sekerlik van die grootste geskenke wat daar kan wees. Ons kon vandag ook hierdie kindjie doop. Die doop wat ons keer op keer herinner en daarna verwys dat God hierdie kind Syne wil maak. Ons en ons kinders behoort aan die Here. Dit moet ons uitgangspunt wees. Die doop wys verder dat God regeer. Die doop laat 'n regeringsverandering voor ons afspeel. Die regering van Satan is in ons doopsformulier duidelik ingeskryf. Die duiwel wil oor elke mens regeer. Ons formulier by

die doop het dit weereens duidelik uitgewys dat ons in die ryk van die sonde en die dood gebore is. Omdat ons in sonde ontvang en gebore is, is ons kinders van die toorn, maar nou kom hier 'n verandering van regering.

By die doop word die kind opgeneem in God se regering. Dit word eintlik 'n uitreiking van 'n besondere tipe paspoort. Op hierdie paspoort belowe God in sy regering dat Hy wat die Vader is dat Hy vir ons sal sorg. Op die paspoort word ingeskryf deur die Seun van God dat Hy ons met God versoen. Op dieselfde paspoort in ingestempel dit wat die Heilige Gees belowe dat Hy die Heilige Gees ons wil vernuwe.

\*\*\*

Met hierdie beloftes in die gedagte het ons God se Woord in Eksodus 28 ge lees. Ons kom in Eksodus 28 wat ons kan noem 'n besondere klerefabriek. Dit is nie maar gewoon rokke, broeke en hemde wat hier gemaak word nie, hier is vaardige manne, kenners op hulle gebied as kleremakers aangestel. Al word hier allerhande soorte kledingstukke en soorte van klere genoem, word aan die kleredrag van Aäron, hy wat hoëpriester was, besondere aandag gegee.

Ons wil by hierdie doop ook hieraan aandag gee en dan veral op 'n deeltjie wat op Aäron se kop geplaas is, wat by die doop op die kop geplaas besondere betekenis moet dra. Ons het ge lees van 'n plaat van suiwer goud wat gemaak moes word en waarop daar in duidelike letters geskryf moes word- HEILIG AAN DIE HERE. Dan moes hierdie plaat met 'n pers toutjie aan die tulband vasgework word, dit moet heelyd aan die voorkant van die tulband gedra word.

Die plaat van suiwer goud het egter iets waarna ons nog mooier moet oplet. Die plaat was in werklikheid soos 'n blom gevorm. Die Hebreeus wys op die blom פִּיָּסָּ tsiyts {tseets} or פִּיָּסָּ tsits {tseets} **Meaning:** 1) flower, bloom 1a) flower, bloom 1b) shining thing (of gold plate on high priest's mitre) Daarom kry ons ook van die vertalings wat die gedeelte vertaal dat daar 'n blom van suiwer goud gemaak moes word wat dan met 'n toutjie aan die tulband vasgemaak moet word. Hierdie blom wat op die hoed van die hoëpriester moes wees het in besonder twee betekenis gehad. Die blom wys elke keer na iets dieper. Die blom moes 'n teken wees. Hierdie dubbele teken wys op die mens se aanspreekbaarheid maar lê ook klem op God se

goedgesindheid, m.a.w. op die genade van God. Dit is twee dinge wat by die doop ook na vore kom. Ons aanspreekbaarheid, God se goedgesindheid.

\*\*\*

Ons aanspreekbaarheid word uitgewys waar die mens aanspreeklik gehou word vir die dinge wat verkeerd is. Vers 38 wys hierna- *38 So moet dit dan op die voorhoof van Aäron wees, sodat Aäron die skuld kan dra met betrekking tot die heilige dinge wat die kinders van Israel sal heilig...* Ons kan dit ook vertaal dat Aäron die skuld moes dra oor die “ongeregtigheid der heilige dinge” soos die Statevertaling hierdie deel vertaal.

Die plaat van suiwer goud, gevorm tot ’n mooi blom laat ons beseft uit onself is ons lewe nie mooi nie. Ons is besig met heilige dinge, hier is ’n kindjie in die Naam van die Here gedoop, ons kom in die heilige erediens, God se Woord wat heilig is word verkondig, ja die heilige Nagmaal wat weer in hierdie jaar gevier sal mag word, ons betree die heiligdom van die gebed. Alles mooi dinge, dinge wat soos ’n blom in ons lewe gesien moet word, die doop is ’n blom-gebeurtenis, die beseft van heilig, heilig is die Here.

As Aäron hierdie blom aan die voorkant van sy tulband dra dan staan op hierdie plaat geskrywe HEILIG AAN DIE HERE, maar is ons lewe heilig?! Al is die blom hoe mooi, hierdie blom dra die teken van skuld. Ons teksvers sê dat Aäron met hierdie tulband wat die blom aan vas is, dra die skuld met betrekking tot die heilige dinge wat die kinders van Israel sal heilig, ook met *al hulle heilige gawes...*

\*\*\*

Die blom wat daar vas is, hoe kan ons dit nie raaksien nie? Die plaat tot ’n blom omvorm kan vandag vir ons net Één wees, Jesus Christus. Die mooiste, die kleurvolste, die kosbaarste wat daar vir God kon wees, sy blom is Jesus Christus. Tog het God sy Seun die teken van ons skuld kom maak. Hy het al ons skuld moes kom dra, ook met betrekking tot die heilige dinge. Soos die blom op die tulband van die priester heenwys na die mens wat aanspreeklik gehou word, het Christus die Hoëpriester van God, Hy wat volmaak in alles was, in alles oortref Hy die waarde van goud, het Hy in ons plek ons sonde kom dra. Hy het Homself aanspreeklik gemaak met betrekking tot ons skuld, ja sy bloed het Hy vir ons gestort om ons van al ons ongeregtighede te reinig. Dit sê die doop aan ons.

Wanneer ons verder kyk na die blom aan die tulband van die priester geheg dan moes dit met ’n pers of ’n blou toutjie vasgemaak word. Pers is in die Bybel die kleur van koninklike

waardigheid. Die hoëpriester Aäron het hierdie tulband in sy priesterlike verantwoordelikheid gedra waar dit voortdurend op sy kop moes wees. Dit moet duidelik wees, God plaas hom in 'n posisie wat dit duidelik maak die Here is 'n heilige God. Die God wat geen onheiligheid verdra nie.

\*\*\*

Wanneer Aäron hierdie hooggeplaaste posisie inneem wat God hom skenk dan besef ons as gedoopte, God het ons sy priesters gemaak. Dit is nie nou net meer die verantwoordelikheid van Aäron nie maar elke gedoopte wat onder die gesag van Christus staan moet lewe as mense wat die gesag van Christus erken. Soos Aäron se hoofbedekking erkenning van gesag was, so moet die teken van ons doop erken dat God my Here is. God lê sy hand op my dat ek as deel van God se kerk anders sal wees as die res van die wêreld. Ons is afgesonder vir God dat ander moet raaksien ons godsdienst het net een doelwit en dit is om ons na Christus heen te lei. Art 34 van die Nederlandse Geloofsbelydenis stel dit baie mooi dat ons deur die doop Christus se merkteken, sy vaandel dra. Ons moet heeltemal as die eiendom van Christus gesien word, aldus art 34.

\*\*\*

Daarom dat die tulband by Aäron met die plaat tot 'n blom omvorm 'n tweede groot funksie moes uitbeeld. Nie net hoe aanspreeklik ons voor God in ons totale val en verlore toestand is nie, maar die Here wys deur hierdie plaat dat die mense *voor die aangesig van die Here 'n welgevalle mag vind* (vers 38). God wil aan Israel wys dat Hy wat die Here is, is sy volk goedgesind. Die blom op die hoed van die hoëpriester teken God se gesindheid. Die doop op die voorkop van hierdie kindjie teken dieselfde God se welgevalle, God se goeie gesindheid.

As die blom na Christus heenwys dan kan ons by vandag se doop besef daar kan geen groter bewys van God se gesindheid teenoor ons sy kinders wees dat God sy Kind na ons gestuur het. Christus het met sy lewe en sy lyde ons ongeregtheid van die heilige dinge gedra. Daarom dat hierdie kindjie vandag in hierdie doop inwendig ontvang dit wat die blom op die hoed uitwendig beteken het. Daar is vir ons versoening gedoen. God is ons sy kinders goedgesind. Ons sondes het Christus Homself aangetrek, sodat sy geregtigheid ons aangetrek kan word. Ons kan ons toevlug neem tot groot dinge en dit deur 'n eenvoudige teken van 'n paar druppels water. Net soos blom aan die tulband teken was van dinge wat baie groter is as net dit wat gesien kon word.

Hoor hoe ons belydenis in art 34 Nederlandse Geloofsbelydenis hierdie groot dinge vir ons en in ons inwendige uitspel- **soos die water op die liggaam van die dopeling gesien word wanneer dit daarop gesprinkel word, so bewerkstellig die bloed van Christus deur die Heilige Gees dieselfde inwendig in die siel: dit besprinkel die siel en reinig dit van sy sondes en laat ons, wat kinders van die toorn is, as kinders van God weergebore word. Dit gebeur nie deur die uitwendige water nie maar wel deur die besprinkeling met die kosbare bloed van die Seun van God, ons Rooisee waardeur ons moet trek om aan die slawerny van Farao, dit wil sê die duiwel, te ontkom en om in die geestelike land Kanaän in te gaan...** So word die groot dinge al verder en verder uitgespel... **Christus was ons siel, suiwer en reinig dit van alle vuilheid en ongeregtigheid; Hy maak ons hart nuut en vul dit met alle vertroosting; Hy gee ons egte sekerheid van sy Vaderlike goedheid; Hy bekleed ons met die nuwe mens en ontkleed ons van die ou mens en al sy werke.**

God se goedheid, God se goedgesindheid het vandag weer deur die doop na ons gekom. Daarom dat ons besef ons het ook 'n verantwoordelikheid. Die blom op die hoed van Aäron laat ons ons verantwoordelikheid besef. Om kinders in die Naam van die Here groot te maak is 'n baie groot verantwoordelikheid. Ons moet elke dag bewustelik tot eer van God besluite oor ons en ons kinders kan maak. Mag God julle in hierdie proses en in hierdie besluite naby wees. Mag die betekenis van die doop aan julle en julle kindjie gebind bly soos daardie blom met die pers bandjie aan die tulband gebind moes bly. Neem in elke opsig die hoed op m.a.w. neem in alles julle toevlug na die Here. God wil julle goedgesind wees. Dit alles omdat Christus baie meer gedoen as deur net 'n hoed op te neem, Hy het sy lewe vir ons afgelê.

AMEN